

# 10 redes om jou kinders op sendingtogte te neem

—deur Lourieke Haller

**E**k het in 'n huis grootgeword waar my ouers elke oggend Boekegevat het, selfs al het ons teëgestribbel en die oë gerol en gesug. 'n Deel van daardie daaglikse ritueel was gebedskaartjies van Geopende Deure waar ons elkeen 'n gebed vir die vervolgte Christene van 'n spesifieke land moes doen. Daar het dit ook nie gestop nie. As tieners moes ons sáám wanneer ons ouers die Evangelie in nederige sinkhuises gaan verduidelik en in die aande Bybelstudie gehou het saam met die gretige groepie "dissipels" in die lig van 'n rokerige paraffienlampie.

Dit was daar aan my pa se voete in die sinkhuisie met die grondvloer waar ek die liefde van Jesus in aksie gesien het. Dat God se eenvoudige boodskap van verlossing en die Vader se liefde vir almal is, ongeag hoe arm of ryk, geleerd of ongeleerd ook al. Die vreugde op 'n verrimpelde, tandelose gesig wanneer "die Broer" gekom het om die "Woord te bedien", was beloning genoeg, maar dikwels het my ouers weggeroep met 'n pampoen of roosterkoeke wat met diepe dankbaarheid gegee en met ontroerde harte ontvang is.

Danksy hierdie blootstelling het ek as student in 'n landelike deel van Botswana gaan sendingwerk doen. Weer eens het dit my oë oopgemaak vir die oorvloed in my lewe – materieel sowel as geestelik. Dinge wat ek as vanselfsprekend aanvaar en waarop ek soms selfs geregtig gevoel het. Danksy my ouers se voorbeeld en ervaring as kind in hulle huis, ondersteun ek steeds sendingorganisasies.

Moenie daarvan wegstroom om jou kinders ook op sendingtogte na landelike of verafgeleë gebiede te neem nie. God se Woord sê dis beter om te gee as om te ontvang – kom ons leef dit uit, letterlik, en neem ons kinders saam op die reis.

## Wat is die voordele van so 'n sendingtog vir jou kinders?

1. Julle vervul die Groot Opdrag. Dit leer jou kinders om God se Woord te gehoorsaam en dat die Bybel se opdragte vandag steeds van toepassing is.
2. Dit wys jou kinders dat die Evangelie so belangrik is dat jy geld sal bestee om Jesus aan mense te gaan verkondig. Die Evangelie is dit werd.



**Jou kinders kry nie net kans om Christenskap in aksie te sien nie, maar ook uit te leef.**

3. Dit bevry hulle van materialisme. Hulle leer dat dit regtig beter is om te gee as om te ontvang. Wanneer jou kinders gekonfronteer word met die armoede van ander, sal hulle minder geneig wees om die oorvloed in julle huis as vanselfsprekend te aanvaar. Dit is ook goed vir hulle om 'n bietjie ongerief te moet verduur en nie al die moderne geriewe byderhand te hê nie. Daar is niks soos 'n puttoilet wat jou dankbaar maak

vir lopende water en spoeltoilette nie!

4. Dit bevry hulle van selfsug. Stel jou kinders bloot aan ander se behoeftes en nood. Dit bied hulle die geleentheid om ander te dien, hard te werk en nie net aan hulleself te dink nie.
5. Christenskap word 'n werklikheid. Wanneer jou kinders die praktiese sy van Christenskap in werking sien – om kos of klere te gee, Bybels uit te deel, die Woord te verkondig of te help om 'n huis vir iemand te bou – sien hulle jou Christenskap is nie net lippetaal nie.
6. As hulle self teenoor ander moet getuig oor hulle eie geloof, ontdek hulle spoedig wat hulle weet en glo – of nie weet nie. Daar is geen beter manier om vas te lê wat jy glo as om dit aan iemand anders oor te dra nie.
7. Jou kinders word blootgestel aan ander kulture, volke en tale en leer om hulle te respekteer. Wanneer jou kinders nou vir ander kulture of nasies bid, het hulle 'n beter begrip. Wanneer julle so ver reis om mense te gaan vertel dat God hulle liefhet, leer hulle dat alle volkere en nasies God se eiendom is. Jesus het vir almal gesterf.
8. Jou kinders kry kans om God se krag, liefde en medelye in aksie te sien wanneer julle vir mense bid.
9. Dit is lewensveranderend vir jou kinders om te sien hoe jy op God vertrou op 'n manier waaraan hulle dalk nie gewoond is nie.
10. Julle plant die saadjies vir die liefde van sending in hulle harte en dra dit oor aan die volgende geslag. Wanneer ons die gemak van ons huis verlaat met die doel om ander te gaan dien en 'n seën te wees, verbly dit God se hart en hoor hy ons gebede dat ons kinders Hom ook sal dien. ■

# experience His beauty

Laat Bush Lapa jou uit die veld slaan. Dit is die vernuftige veldkaravaan vir die avonturier wat nie op uitgetrapte paadjies reis nie, maar steeds van moeitevrye gerief hou.

**LIG • MAKLIK OM OP TE SLAAN  
• TAAI • ROESWEREND  
• DUURSAAM • PRAKTIES**

**Loer  
gerus op ons  
webtuiste vir 'n  
handelaar in jou  
omgewing  
[www.bushlapa.com](http://www.bushlapa.com)**

**Bush Lapa®**  
offroad caravans

[www.bushlapa.com](http://www.bushlapa.com)